

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



MAART
2018

MENTORSKAP

– 'n groeiende ervaring vir beide mentor en mentee

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees binne:

- 04 | Van bestaan tot oorvloed en nog meer
- 06 | Ons kyk terug oor 2017
- 12 | Dekgewasse – verlaag risiko en verbeter produksie




Mentorskap is in wese die proses om deur jou leiding en opleiding kennis en kundigheid oor te dra aan 'n mentee.

Ek is die afgelope drie jaar 'n mentor vir ongeveer 90 bestaansboere as deel van die Graan SA Boereontwikkelingsprogram wat uitreik na die boere in afgeleë landelike gebiede naby Estcourt, KwaZulu-Natal. My ervaring om mentor te wees, was 'n avontuur van groei en openbaring – ek hoop en vertrou dat dit dieselfde is vir my mentees.

Wat doen mentors?

Graan SA se Bestaan na Oorvloed-projek in samewerking met die Jobs Fund (Nasionale Tesourie), Kynoch, Monsanto, SA Lime & Gypsum, Syngenta en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, het gefokus op mentorskap as een van die hoekstene van die program se implementering.

As mentors is ons opdrag gegee om die program op voetsoolvlak te fasiliteer. Ons kommunikeer inligting oor die program direk aan die boere. Ons doen logistieke koördinasie en beplanning ten opsigte van insetaflewings. Ons




04



12

15





OUMA JANE SÊ...

Elke maand gee die Pula Imvula my die geleentheid om 'n paar gedagtes met jou te deel. Ons leef in uitdagende tye en ons beleef voortdurende verandering en onsekerheid. Verandering is dikwels vir mense moeilik en dit is die vrees vir die onbekende wat die grootste uitdaging is.

“Verander jou gedagtes en jy verander jou wêreld” – Norman Vincent Peale. Dit is 'n pragtige aanhaling omdat die idee is dat elkeen van ons in ons eie wêreld leef, ons eie werklikheid. Ons hoop vir dinge waarvoor niemand anders dalk hoop nie, ons vrees dinge waarvoor niemand anders dalk bang kan wees nie. Ons huil oor dinge wat niemand anders dalk mag seermaak nie. Elkeen van ons is verantwoordelik vir ons eie gedagtes en as jy jou eie gedagtes verander, kan jy jou eie wêreld verander.

In jou wêreld mag jy bekommerd wees oor voedselsekureit, jou eie veiligheid, die droogte, miskien vloede, geld, opvoeding, gesondheid. Soms is dit wat ons moet doen, om anders te dink – dink aan nuwe maniere om na dinge te kyk, nuwe maniere om ou dinge te doen, nuwe dinge om te doen, nuwe gewasse om te plant. Kom ons probeer om nie die veranderinge wat ons samelewing nodig het, te vrees nie. Ons moet verandering omhels en deel wees van die nuwe wêreld wat ons skep. Ons moet aanpas, moed skep en die volgende stap neem wat jou na 'n heeltemal nuwe bestemming kan neem.

Polities is daar nou baie onsekerhede wat ons land in die gesig staar. Ons droom van 'n nuwe wêreld waar ons almal deel kan wees van 'n suksesvolle nasie, lewendige ekonomie, verminderde armoede en ongelykheid. George Bernard Shaw het gesê: “Voortgang is onmoontlik sonder verandering en diegene wat nie hul gedagtes kan verander nie, kan niks verander nie”. Kyk om jou en sien hoe jy 'n krag kan word vir positiewe verandering in jou huis, jou gemeenskap en in ons land. Doen wat jy kan doen en probeer om 'n verskil te maak. Onthou, God het gesê om jou naaste lief te hê – moet jy uitreik na jou naaste, lief wees vir hom en deel word van 'n groter beweging na positiewe verandering in ons lewens en in ons wêreld.

“Dit is hoe verandering gebeur. Een gebaar. Een persoon. Een oomblik op 'n slag” – Libba Bray.

Mentorskap – 'n groeiende ervaring vir beide mentor en mentee

versamel inligting en data van die boere vir opname doeleindes en bowenal doen ons teoretiese en praktiese opleiding oor die beginsels van mielieproduksie in Suid-Afrika. Dit is baie verantwoordelikheid en soms kan dit uitdagend wees, maar met goeie samewerking en entoesiastiese boere kan dit 'n aangename ervaring wees. Soos met enige program waar daar baie mense betrokke is, is goeie spanwerk noodsaaklik.

Die fasilitering van 'n program van hierdie grootte en skaling met 'n groot aantal boere kan sy uitdaging hê. Daarom word boere verdeel in 'studiegroepe' wat volgens ligging gegroepeer word. Al die studiegroepe val onder een van Graan SA se streekskantore en word 'n mentor toegeken.

“*Ek voel die program het tot dusver ongelooflike resultate gelever en ek kan eerlik sê dat dit een van die mees vervullende ervarings van my lewe was.*

Ons ontmoet die studiegroepe weekliks op 'n sentrale punt soos 'n hof, kerk of gemeenskapsaal waar ons teoretiese opleiding vanaf 'n inleidende sillabus oor mielieproduksie doen. Die sillabus dek onderwerpe soos mielieproduksie en -ontwikkeling, voedingsbehoeftes, aanplant en oes, onkruid- en plaagbeheer, asook onderwerpe wat



Een van die gelukkige mentees wat insette ontvang.



'n Huis met voedselsekerheid moontlik gemaak deur die Bestaan tot Oorvloed-program.



Mnr en Mev Zuma – twee van my mentees wat die Bestaansboer van die Jaar vir 2016 gewen het.

verband hou met besigheidsbestuur, soos rekordhouding, begroting en bemaking.

Die studiegroepbyeenkomste is ook 'n kontakpunt vir die boere waar hulle hul komer kan lug, vrae kan vra en beplan. Dit is veral nuttig vir hulpbronbestuur aangesien jy dikwels sal vind dat boere wie se lande naby aan mekaar geleë is, kies om hul hulpbronne (veral masjinerie) te deel om koste te bespaar.

By die studiegroepvergaderings kan mentors ook die tyd gebruik om algemene administrasie te hanteer (die Jobs Fund het streng vereistes in hierdie verband opgelê, dus is akkurate rekordhouding en papierwerk vir ons 'n sleutelfunksie). Na 'n vergadering sal ons dikwels in kleiner groepe afbreek waar ons een-tot-een kan werk en praktiese onderwerpe in die veld kan hanteer. Onderwerpe soos oppervlakteberekening, plantpopulasie en rywydte berekeninge, asook kalibrasie van masjinerie soos spuite, planters en kunsmisstrooiers word almal gedek.

Ek voel die program het tot dusver ongelooflike resultate gelewer en ek kan eerlik sê dat dit een van die mees vervullende ervarings van my lewe was. Om te sien hoe entoesiastiese boere groei en implementeer wat hulle geleer het, is uiters belonend.

Uiteraard sal jy nooit 'n 100% 'slaagsyfer' behaal nie. Ek hou daarvan om die analogie van 'n klaskamer met skoolstudente te gebruik, waar gemiddeld 20% buitengewoon goed sal presteer, 60% goed tot gemiddeld presteer en 20% swak presteer. Dit is soortgelyk aan wat ek in die studiegroep onder die boere/mentees gesien het. En net soos 'n onderwyser trots sal wees op diegene wat 'n goeie poging



Onderzoek van 'n mielie proefperseel.

aangewend het om goeie resultate te behaal, is ek ook baie trots op die boere wat die moeite doen om vergaderings by te woon en te leer om beter resultate te behaal.

Op persoonlike vlak het ek gegroei om die landelike en gemeenskaplike opset in ons land beter te verstaan. My oë is oopgemaak vir die armoede en die ongelykheid wat in ons sosiale strukture bestaan as gevolg van ons verdeelde verlede. Ek het die noodsaaklikheid van hulp gesien, nie net finansieel nie, maar ook in die vorm van kennis.

Daar is 'n honger vir kennis en vaardighede op grondvlak wat baie opwindend is. Dit hoef nie noodwendig uit 'n opvoedkundige instelling te kom nie; dit kan van 'n mentor kom. Ek glo dat dit die verantwoordelikheid van alle

belanghebbendes in die landbousektor is om vennootskappe te vorm en om hierdie soort kennisoordrag voort te sit. Ek het soveel positiewe impak op soveel bestaansboere gesien. Ter wille van voedselsekureit, gemeenskapsverhoudinge, armoedeuitwissing en landelike ontwikkeling, asook volgehoue sosiale en ekonomiese transformasie, moet dit beslis 'n prioriteit bly! 🍌

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.

Van bestaan tot oorvloed en nog meer

Santam Agri het aan Graan SA aangedui dat hulle betrokke wil raak by die Jobs Fund-projek, Van Bestaan tot Oorvloed en hulle het gevra dat ons 'n versoek om befondsing inhandig.

Ons het besluit om 'n borgskap te vra vir opleidingshandleidings oor die veilige gebruik en berging van mielies, GPS-toestelle wat deur mentors gebruik word en dorsmasjiene vir boere wat hoë opbrengste behaal.

Opleiding

Oor die afgelope aantal jare het die Mielietrust navorsing befonds wat gedoen is deur die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie oor mikotoksiene en die effek wat dit op die mens se gesondheid het. Gedurende 2017 het die Boereontwikkelingsprogram toegang tot 'n reeks artikels oor hierdie Mikotoksiene verkry en hulle in die Pula Imvula gepubliseer (waar hulle in ses tale vertaal word). Dit is belangrik dat nadat die navorsing gedoen is, die resultate van die navorsing mense moet bereik op wie se lewens die studie 'n impak kan hê.

Alhoewel die Pula Imvula 'n goeie medium is om inligting aan die lesers oor te dra, het ons gevoel dat 'n een dag opleiding vir lede van die

Jobs Fund-projek die inligting aan die boere kan tuisbring en hopelik 'n invloed kan hê oor hoe hulle hul mielies bestuur en stoor na oes. Deur middel van befondsing van die Departement van Wetenskap en Tegnologie kon ons 'n een-dag kursus aanbied vir 95 groepe boere, wat meer as 1 700 boere bereik wat mielies vir eie gebruik produseer en wat die surplus verkoop om 'n inkomste te genereer.

Tydens die kursusse is die boere geleer om die verskillende mikotoksiene te herken en om die omstandighede waaronder hulle floreer, te verstaan. Aangesien baie van die boere met die besmetting leef, was dit noodsaaklik om die risiko's van blootstelling aan hulle uit te spel – sommige is karsogenies, sommige veroorsaak nierskade, sommige veroorsaak vroeë aanvang van puberteit by meisies, terwyl ander braking en hoofpyn veroorsaak, ensovoorts.

Een van die belangrikste aspekte van die kursusse was om die boere te leer hoe om die mielies te oes en te stoor om besmetting te verminder, maar ook om die mielies te sorteer, te verwyder en te was voordat dit gebruik word. Hierdie praktyke kan die besmetting baie verminder en sodoende die gesondheid van die landelike boere verbeter.

GPS-toestelle

Een van die vereistes van hierdie projek, wat gedeeltelik deur die Jobs Fund (Nasionale Tesourie) befonds word, is dat al die lande van al die boere gekarteer moet word. Dit is 'n groot werk, aangesien elke boer 'n aantal lande kan hê en daar is meer as 3 800 boere op 5 200 ha. Santam het goedgegunstig ingestem om 37 toestelle wat deur die Boereontwikkelingspan aanbeveel is as ideaal vir die doel, aan te koop.

Figuur 1 toon 'n kaart van die BFAP-stelsel, wat elke land van sommige boere in die Bergville omgewing toon. Terwyl die kartering gedoen word, neem dieselfde toestel 'n foto en word dit ook gebruik om inligting oor die boer en die land te ontvang. Al hierdie data word op die BFAP-stelsel aangeteken vir latere gebruik in die program. Hierdie foto toon die groot hoeveelhede grond wat nie vir gewasproduksie in hierdie gebiede gebruik word nie – daar is ruimte vir uitbreiding van die program!

Foto 3 is 'n voorbeeld van die inligting wat ons van elke boer het – sy foto, 'n foto van die toestand van die land toe die kartering gedoen is, 'n kaart van die land met die koördinate, wat die akkurate grootte van die land aandui, sowel as 'n foto wat die grond relatief tot die gebied toon. Ons weet daar is

1



2



Gedurende die opleidingskursusse, word boere geleer om die verskillende mikotoksiene te herken en hoe om mielies te oes en te stoor om infeksies te verminder.



Die besonderhede van elke boer word vasgevang en aangeteken op die BFAP stelsel.



Die GPS-toestel wat gebruik word om die boere se inligting in te samel, het 'n lang battery duur en groot geheue.

geen ander boere ondersteuningsprogramme wat hierdie geografiese detail van al hul lede het nie.



Figuur 1: 'n Kaart van die BFAP stelsel, wat elke land van sommige boere in die Bergville area toon.

Die toestelle (Foto 4) is noukeurig gekies vir die vereiste eienskappe – hulle het 'n lang battery duur en 'n groot geheue. Baie van die gebiede waar hierdie boere hul lande het, het nie satellietverbindinge nie en daarom moet die mentor die werk kan doen en dan eers met die BFAP-stelsel kan sinkroniseer wanneer hulle 'n gebied met goeie verbindinge bereik.

Die toestelle word ook so opgestel dat die mentor binne tien meter van die land moet wees om 'n foto van die land te kan neem – dit verhoed dat 'n foto onder die naam van 'n boer gelaai word wat dalk nie die boer se land is nie. Die toestelle word ook gebruik om inligting oor die boere wat in grafieke aangedui word, in te samel. Die impak van hierdie projek is veel groter as net huishoudelike voedselsekureit.

Die feit dat so baie van hierdie boere baie swak opgelei is, beteken dat hulle nie werk kan kry nie – om die grond te gebruik om inkomste te genereer, is hul enigste opsie. Die meeste boere in die projek is in die 'ouer' kategorie – dit beteken ook dat hulle nie baie opsies vir inkomstegenerasie het nie. Die boere verkoop ook baie van hul produkte plaaslik – die voedselveiligheid van die ander lede van die plaaslike omgewing word ook verbeter.

Dorsmasjiene

Die boere wat deel van hierdie projek is, het mities op 'n baie landelike en primitiewe manier geproduseer en geoes. In die verlede kon hulle die oes met die hand dors, want die opbrengs was so laag. Met die verbeterde insette en produksiemetodes kan hierdie boere egter nie meer die volumes met die hand dors nie.

AfriCA Implemente op Bothaville vervaardig 'n klein dieselaangedrewe dorsmasjiene en ons was gelukkig om van hulle vir die boere te kry deur befondsing van Silostrat in Welkom en die Departement van Wetenskap en Tegnologie. Die behoefte is egter groot en ons is baie dankbaar dat Santam Agri nog ses dorsmasjiene befonds het.

Artikel verskaf deur Jane McPherson, Bestuurder, Graan SA Boereontwikkelingsprogram. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jane@grainsa.co.za.

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

Happiness does not come from doing easy work but from the afterglow of satisfaction that comes after the achievement of a difficult task that demanded our best.

~ Theodore Isaac Rubin

ONS KYK TERUG OOR 2017

Die Graan SA Boere Ontwikkelingsprogram word nasionaal erken as 'n vlagskip vir suksesvolle boereontwikkeling gedurende 'n tyd toe grondhervorming en transformasie 'n nasionale noodsaaklikheid was.

In dieselfde tydperk was daar talle onvoorstelbare ekonomiese en sosiale druk wat vierkantig op die skouers van die landbousektor geplaas is, nie net nasionaal nie, maar ook wêreldwyd. Ten spyte van ontelbare uitdagings en druk wat strek ver buite die politiek en die herstel van die verkeerde van die verlede, is die landbousektor gevra om 'n belangrike rol in die bou van 'n nuwe Suid-Afrika te speel.

Die apolitiese graanboer-onderhandelaar wat Graan SA is, het gou erken dat die landbousektor verander moes word en dat dit die belangrikste was om te streef na 'n scenario waar alle graanboere, ongeag ras, plaasgrootte of kapasiteit, een verenigde stem het om die sektor te verteenwoordig en algemene behoeftes en uitdagings aan te spreek. 'n Kongresbesluit is dus gemaak om 'n afdeling vir boereontwikkeling binne die organisasie op te rig wat op boereontwikkeling sal fokus. Hierdie program is sedert 2005 deur Jane McPherson bestuur en het diep in die harte van boere geoor die land gekruip.

Ons doel is om swart kommersiële produsente te bemagtig en om by te dra tot huishoudelike en nasionale voedselsekureit deur die optimale gebruik van die grond en hulpbronne wat vir boere beskikbaar is. Die fokus van die Boereontwikkelingspan is om sinvolle maniere te ontdek om by te dra tot die droom van 'n verenigde en welvarende landbousektor, terwyl gesonde en volhoubare transformasie in die graanproduksie sektor gefasiliteer word.

Dit is ons voorneme om by te dra tot die opheffing van individue wat in landbou werk en verbeterde geleenthede vir die skep van inkomste vir diegene wat toegang tot grond het, te fasiliteer. Die span is te alle tye gefokus op die mense met wie ons werk, met die doel om gesonde verhoudings met die ontwikkelende graanprodusente te bou.

Tabel 1: Mielietrust projekte.

Projekte

Skep en diens van studiegroepe

Opleiding

Kommunikasie: Pula Imvula

Ondersteuning aan individuele boere

VAN BESTAANSBOER



TOT KOMMERSIËLE BOER



Deur boere te help om die grond te gebruik wat hulle beskikbaar het, ongeag die grootte, sal die sektor die landelike ekonomie kan inisieer en die basis vir ander ontwikkeling kan vorm. Werkloosheidskoerse is hoog en hoewel die graansektor nie baie arbeidsintensief is nie, is daar egter baie werksgeleenthede wat in landelike gebiede geskep word as gevolg van primêre landbouaktiwiteite.

Ons glo dat volhoubare ontwikkeling plaasvind wanneer die individuele boer toegerus is om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie bedrywighede. Boere moet bemagtig word om soveel as moontlik vir hulself te boer, eerder as om deur kontrakteurs bedien te word. Verder moet boere, waar moontlik, hul eie toerusting besit sodat hulle nie op ander diensverskaffers moet staatmaak nie.

Ons gebruik 'n wye reeks onderrigmetodes om boodskappe oor moderne oesproduksie, die belangrikheid van aanspreeklikheid en rekordhouding en die fyner nuanses van besigheidsbeginsels te kommunikeer. Belangrik vir ons doel is die maatstaf van sukses, die volhoubare optimale produksie van winsgewende gewasse op elke hektaar, eerder as die totale aantal hektaar geplant, of die totale aantal ton goeos.

Streeksbestuurders

Die Boereontwikkelingspan het 'n beduidende streeksvoetspoor gevestig wat die bou van verhoudings met boere en agribesighede moontlik gemaak het. Daar is nege streeksbestuurders wat boere bedien, studiegroepe



William Matasane boer naby Senekal en is 'n trotse lid van Graan SA. Hy erken hy het kennis en vaardighede ontbreek voordat hy by die organisasie betrokke geraak het. Danksy die uitstekende boere-ontwikkelingsprogram en kennis wat hy opgedoen het deur studiegroepe en boeredae by te woon, het sy kennis aangaande mielie- en sonneblomproduksie, hulpbronbeplanning en plaasbestuur aansienlik toegenem. Hy sê hy wil egter nog meer leer oor Safex en graanverhandeling om die bemaking van sy oes te bestuur.

Mavis Hlatshwayo, Bestaansboer van die Jaar 2017, sê: "Ek is so dankbaar vir die program, want in 'n land waar miljoene mense honger ly, kan ek genoeg mielies produseer om my familie te voed. Ek kan dan die surplus verkoop om geld vir myself te maak."

June Shongwe boer in die Ehlanzeni distrik en is gementor deur streeksbestuurder Jerry Mthombothi. Hy het gesê: "Ek het baie kennis opgedoen oor hoe om op 'n korrekte en produktiewe wyse te boer sedert ek in 2012 by Graan SA aangesluit het. Ek is bekendgestel aan goeie gehalte saad, is geleer hoe om grondmonsters te neem om die korrekte gebruik en toediening van kunsmis te bepaal en is ook geleer hoe om die pH van my grond te kontroleer. Ek het ook geleer watter onkruidodors om te gebruik om onkruid te beheer."

hanteer en gevorderde boere in belangrike graanproduserende streke van Suid-Afrika onderrig. Elke kantoor word beman deur 'n bestuurder en 'n administratiewe assistent. Die bestuurders ry gemiddeld elke maand ongeveer 4 000 km!

Die nege streeksbestuurders is:

- Jerry Mthombothi – Nelspruit;
- Du Toit van der Westhuizen - Lichtenburg
- Jurie Mentz – Louwsburg;
- Graeme Engelbrecht - Dundee

- Johan Kriel – Ladybrand;
- Sinelizwi Fakade – Mthatha;
- Ian Househam en Luke Collier – Kokstad en Maclear; en
- Liana Stroebel – Paarl.

Vennootskappe

Nog 'n belangrike bestanddeel van ons sukses is die netwerk van dinamiese vennootskappe wat ons gevestig het. Ons erken nie net dat die omvang van ons werk direk verband hou met die ondersteuning van ons vennote nie, maar ons glo ook in die waarde daarvan om elke boer te omring met 'n wye netwerk van kundigheid wat buite die Boereontwikkelingspan strek en sal voortgaan om boere in hulle distrikte te ondersteun lank nadat hulle nie meer ontwikkelings-ondersteuning benodig nie. Dit is om hierdie rede dat ons gretig is om vennootskappe wat ons visie deel, aan te gaan en bereid is om die ontwikkeling van boere te bevorder.

Gepraat van vennootskappe...Graan SA was gelukkig om oor die jare befondsing van baie agentskappe te ontvang, insluitend die Mielietrust, Wintergraantrust, Olie- en Proteïensaadtrust, die Sorghumtrust, die AgriSETA, die LNR, die Nasionale Departemente van Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF) en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landelike Hervorming (DRDLR) (vir die herkapitalisering van boere) en die onderskeie Streeksdepartemente van Landbou, Bosbou en Visserie en Landelike Ontwikkeling Staatsdepartemente. Ons kan net 'n verskil maak met hierdie soort toegewyde ondersteuning.

Belangrike bydraers tot ons aktiwiteite gedurende 2017 was:

Die Mielietrust

Ons het altyd die visioenêre benadering van die Trustees, wat Graan SA Boereontwikkeling in staat gestel het om 'n beduidende en bemagtigende program te implementeer wat tot voordeel van die ontwikkelende graanboere van Suid-Afrika was, opreg waardeer.

Sedert die stigting van Graan SA in Junie 1999, het die samewerking tussen die Mielietrust en die Graan SA Boereontwikkelingspan 'n beduidende bydrae gelewer tot die visie van die nasionale regering om die transformasie van die landbousektor te bespoedig. Hierdie vennootskap het:

- Bygedra tot boereopleiding en vaardigheidsontwikkeling.
- Die optimalisering van produksie per eenheidsarea, deur gebruik te maak van die beste moderne praktyke en boerderymetodes.
- Die bydrae van opkomende boere tot nasionale mielieproduksie verbeter en het dus aansienlik bygedra tot die versterking van voedselsekureit.
- Verhoudings en ondersteuningstelsels tussen ontwikkelende boere en 'n uitgebreide

netwerk van belanghebbendes en rolspelers versterk.

Die meeste mielieboere in Suid-Afrika produseer nog nie kommersieel nie. Die meeste is bestaansboere wat graan vir gesinsverbruik produseer, met moontlik 'n klein hoeveelheid ekstra vir ruilhandel of verkoop. Om verskeie redes bereik hulle nog nie die opbrengs/ha wat hulle moontlik kan bereik nie.

Ander boere produseer gewasse op 'n groter skaal, maar kry ook nie die opbrengs per ha wat hulle benodig nie. Soveel as wat dit die gevolg is van 'n gebrek aan kwaliteit insette, kan dit ook toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis en vaardighede oor toepaslike moderne produksiemetodes, asook 'n gebrek aan begrip oor sakebestuur en bemakingsvaardighede. Sulke kennis en vaardighede het 'n direkte impak, nie net op opbrengste wat gerealiseer word nie, maar ook op die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van boerderyondernemings, ongeag of hulle bestaansboere, kleinboere of groeiende kommersiële bedrywighede het.

Suid-Afrika het baie swart ontwikkelende boere wat mielies produseer op 'n wye verskeidenheid skaal van bedrywighede, van bestaansboere en kleinboere, tot hoogs intensiewe kommersiële boere. Die doel van die Graan SA Boereontwikkeling is om individue toe te rus deur vaardigheidsontwikkeling, opleiding en mentorskapsintervensies om die hoogste opbrengste moontlik te maak van elke hektaar wat hy/sy plant, ongeag die aard van hul toegang tot grond, of die grootte van hul boerdery bedrywighede.

Dit is opwindend om te sien dat, ongeag die grootte van die operasie, wanneer die boere weet wat om te doen en wanneer hulle dit doen, hulle bemagtig is om net te gaan en die regte dinge te doen deur hul nuwe kennis in die praktyk toe te pas. Sonder om te misluk, vind hulle dat hul beter ingeligte pogings lei tot verbeterde opbrengste. Danksy die werk wat deur hierdie program gedoen word, is duisende ontwikkelende boere in Suid-Afrika reeds besig om beloon te word om die regte ding, op die regte tyd, op die regte manier te doen.

Die Wintergraantrust

Die Graan SA Boereontwikkeling vir die Wes- en Suid-Kaap word bestuur deur me Jane McPherson, Bestuurder: Boereontwikkeling en word geïmplementeer deur me Liana Stroebel, met administratiewe ondersteuning van Hailey Ehrenreich uit die Graan SA streekkantoor in die Paarl. Hierdie ontwikkelingskantoor is verantwoordelik vir die koördinerende van alle studiegroepe en boeredae wat in die streek gehou word en is direk verantwoordelik vir die oordrag van spesifieke inligting oor die koringsektor en ook die identifisering van opgraderingsstrategieë wat die boere verder kan toerus.

Ons kyk terug oor 2017

Die boerderyprojekte in die Wes-Kaap en die Suid-Kaapse streek gaan voort om die boere intensief te ondersteun met vaardighede, netwerke, spesifieke gewaskundigheid en ondersteuning om koringproduksie te bevorder, met die doel om hierdie boere te kommersialiseer.

Graan SA is van mening dat die langtermyn-doelwitte bereik sal word deur die ontwikkeling van ontwikkelende boere en plaaswerkers in die koringproduserende gebiede, deur middel van diverse kommunikasie-metodes en deur die verspreiding van inligting oor die koringbedryf aan die breër ontwikkelende landbousektor deur die Pula Imvula tydskrif en deur verhoudings tussen die boere en ander rolspelers in die sektor te bevorder.

Die befondsing soos goedgekeur deur die Wintergraantrust vir die boekjaar 2017 sluit alle direkte ondersteuning van die bedryfs- en personeelkoste vir die administrasie van die Paarl streekkantoor uit. Dit dra ook nie meer by tot die befondsing van die sleutelaktiwiteite, naamlik die een-op-een plaasbesoeke, of die breër studiegroepinisiatiewe nie. Dit beteken dat die WGT befondsing uitsluitlik gebruik word vir: Boeredae, die Boer van die Jaar program, Opleidingskursusse en materiaal en kommunikasie deur die Pula Imvula tydskrif.

Die Olie- en Proteïensaad Ontwikkelingstrust

Ons glo dat die gewasse wat die OPOT wenners soos sonneblom, sojabone, kanola en grondbone insluit, 'n kritieke rol speel in die gewasproduksiesiklusse wat deur die boere waarmee ons werk, geïmplementeer is, of dit nou deel vorm van 'n wisselboustelsel, bydra tot die verbetering van grondgesondheid, of geplant word om huishoudelike voedselsekureit te verbeter.

Baie boere word gedwing om alternatiewe gewasse te oorweeg bloot omdat mieliepryse onder druk is, wat mielieproduksie 'n minder lewensvatbare opsie maak. Ons moet toesien dat opleiding oor produksiepraktyke en kennisoordragstelsels en mentorskap gedurende die seisoen vir die boere beskikbaar is. Tot dusver het OPOT bygedra tot 'n aantal opleidingskursusse.

Pula Imvula

OPOT finansier vier bladsye vir die Oktober, Januarie, April en Julie uitgawes van die Pula Imvula-tydskrif. Artikels word geskryf deur ervare navorsers en landboupraktisyns spesifiek vir die ontwikkelende boere agenda. Alhoewel vertaaldienste teen 'n prys kom, is dit klein as mens die kragtige aard van die inligting oorweeg en dat toeganklikheid tot die

Tabel 2: Mielietrust befondsing.

Die volgende kantore het Mielietrust befondsing vir studiegroep aktiwiteite ontvang:

	Dundee	Kokstad	Maclear	Nelspruit
Bestaansboere	1 961	1 722	1 052	1 293
Kleinboere	15	14	18	45
Potensiële kommersiële boere	1	1	2	1
Nuwe-era kommersiële boere	4	3	2	0

inligting aan 'n wyer leser moontlik gemaak word, omdat dit in sommige van ons inheemse tale aangebied word.

Monsanto

Vanjaar het Monsanto ruim bydraes gelewer tot die bedryfskoste van ons streekkantore op Lichtenburg, Louwsburg, Ladybrand, Mthatha en Kokstad. Hulle het ook ruim bydraes gemaak aan die proefpersele wat in die verskillende streekprojekte regoor die land geplant is.

Monsanto het ook boeredae in die Ladybrandstreek saam met ander geborg. Hierdie dae word goed bygewoon. Boere gebruik nie net die inligting nie, maar ook die geleentheid om hul netwerke met insetverskaffers en agribesigheidsvertegenwoordigers uit te bou. Dit is 'n wonderlike geleentheid om boere bloot te stel aan nuwe produkte en nuwe moontlikhede.

Opmerklik is die feit dat die geleentheid wat op Fouriesburg georganiseer het, die tiende boeredag was wat op Graan SA se raadslid, mnr Jaco Breytenbach se plaas, in samewerking met Monsanto gehou is. Monsanto het ook met Graan SA saamgewerk om die nuwe Boer van die Jaar kompetisie te ondersteun in die kategorie: Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar, wat deur Paul Mvelekweni Malindi van Edenville gewen is.

Afgri

Afgri het geldelike bydraes gemaak tot die bedryfskoste aangegaan deur Louwsburg, Dundee en Ladybrand streekkantore. Afgri het ook donasies gemaak vir 'n aantal boeredae. Afgri was 'n gewillige koper van kleinskaal boere se mielies en het deelgeneem aan boeredae waar hulle bemarkingskoste, stoorkoste en prysstrukture verduidelik.

Pannar

Gedurende die 2017 boekjaar het Pannar gehelp om die bedryfskoste van ons Maclear kantoor, wat hoofsaaklik mentors en bestaansboere ondersteun, te dra. Landboupotensiaal hier is hoog, maar grondgebruik is sub-optimaal en daar is groot onbenutte grondareas.

Pannar dra ook grootliks by tot die aanplant van proefpersele regoor die land en

ondersteun ook die bekendstelling van Boeredae. Dit is veral belangrik om daarop te let dat die proefpersele gehou word met die boere in gedagte en daarom is die metodes wat die boere gebruik, die metodes wat gebruik word in die voorbereiding, aanplant en versorging van die gewasse. Die doel is om die boere te wys wat hulle kan bereik met wat hulle tot hul beskikking het deur die beste landboupraktyke te gebruik.

Graan SA

Na aanleiding van 'n Kongresbesluit om voortgesette boereontwikkeling in belangrike graanproduserende gebiede te verseker, het Graan SA bygedra tot die bedryfskoste van ons Paarl en Lichtenburg kantore.

Ander beduidende bydraers tot die bedryfskoste van streekkantore is:

- Sasol Base Chemicals
- Silostrat

Dit is maatskappye wat glo dat volhoubare landbouontwikkeling 'n prioriteit in hierdie land is en daarom verbind is om 'n verskil in die Suid-Afrikaanse landbousektor te maak deur saam te werk met die Graan SA Boereontwikkelingsprogram.

Jobs Fund – van bestaan tot oorfloed

Die Jobs Fund is 'n inisiatief wat uit die Nasionale Tesourie voortspruit. Die projek wat deur Graan SA Boereontwikkeling geïmplementeer word, is op grond van 1:1 befondsing gestruktureer – dit stem ooreen met die befondsing van die ander vennote. In hierdie geval vorm die bydrae van die boere, sowel as die kontantwaarde van die bedryfskortings, die “eie bydrae” wat dan deur die Jobs Fund geëwenaar word. Die huidige projek is 'n vier jaar-projek waaraan ons kan deelneem te danke aan:

a) Die samewerking van borge

- Monsanto het afslag op stapelgene saad en Roundup aangebied;
- Syngenta het afslag gegee op onkruidodors en insekdors vir die boere;
- Kynoch het afslag gegee op plantmengsels en topbemesting;
- SA Lime & Gypsum het afslag gegee op een ton kalk vir elke boer;

Ons kyk terug oor 2017



Die studiegroepe is die hart van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.

- Sasol Trust het kontantbydraes tot die koste van insette gemaak; en
- Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming se REID-program het kontant bydraes tot insette gemaak en adisionele meganisasie verskaf.

b) Die bydrae deur die boere

Die boere moet ook self 'n bydrae maak wat elke jaar vir vier jaar verhoog, dit wil sê 25% - 40% - 60% - 80% en teen jaar vyf sal die boere 100% van die koste betaal. Daar word gehoop dat dit hulle oor die vyf jaar tydperk sal toerus met vaardighede en kundigheid om onafhanklik en volhoubaar te kan voortgaan.

In die 2016/2017 seisoen het 2 905 boere op 4 317 ha deelgeneem. Hierdie projek het streeksbestuurders en 'n bykomende 26 mentors betrek wat die boere ondersteun het. Die gewasse wat deur hierdie boere geproduseer is, was baie goed – baie het meer as 5 ton/ha geoes en selfs soveel as 9 ton/ha. In die nuwe seisoen sal daar meer as 5 000 hektaar met ongeveer 4 000 boere wees.

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DST)

Die departement het die afgelope jaar 'n beduidende bydrae tot die program gelewer. Die borgskap van die kursus het die aanbieding van 95 kursusse moontlik gemaak oor: "Mikotoksiene – Veilige berging van Mielie". Die inligting is veral relevant vir baie boere wat hul eie graan opberg vir menslike gebruik en veeboerdery.

Die departement het ook fondse vir die aankoop van dorsmasjiene aan sommige studiegroepe geskenk en hulle het ook die behoefte aan bergingskapasiteit aangespreek deur "graan-

hokke" aan die Jobs Fund boere te skenk, wie se opbrengste soveel verbeter het dat hulle nie genoeg bergingsvermoë gehad het nie.

Santam Agri

Santam Agri het fondse geskenk vir die druk van handleidings vir leerders wat die Departement van Wetenskap en Tegnologie kursus oor "Mikotoksiene – Veilige berging van Mielies" bygewoon het, sodat die boere 'n naslaanboek oor hierdie belangrike onderwerp vir die toekoms het.

Die Jobs Fund-projek het gedetailleerde data insameling en inligtingstelsels vereis. Santam Agri het die hoë tegnologie GPS-toestelle wat ons Jobs Fund mentors vir hierdie doel gebruik het, geborg.

Hulle het ook bygedra tot die aankoop van dorsmasjiene, wat 'n dringende behoefte was wat voortspruit uit verbeterde produksiepraktyke en beter opbrengste as wat baie boere van die Jobs Fund voorheen behaal het.

Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming – Herkapitalisering en Ontwikkelingsprogram in die Vrystaat

Die projek word bestuur deur Johan Kriel uit die Ladybrand Streekkantoor en fokus op kapasiteitsontwikkeling, dit wil sê opleiding en vaardigheidsontwikkeling, sowel as infrastruktuurontwikkeling en operasionele insette. Dit is bedoel om plase op te hef wat deur die grondhervorming en herverdelingsbeleid van die nasionaleregering verkry is. GraanSA is gelukkig om toegang tot herkapitaliseringsbefondsing vir 17 boere in die program gedurende hierdie finansiële jaar te verkry.

Studiegroepe

Die studiegroepe is die kern van die Graan SA Boereontwikkelingsprogram. Dis waar ons die boere ontmoet, hul omstandighede en uitdagings leer ken en vertrouwensverhoudings bou en waar ons die sterkste netwerk met hulle kan bou.

Deur konsekwent op te staan en teenwoordig te wees met 'n oplettende oog, 'n woord van advies en die deel van ons passie om hul vermoëns so effektief en volhoubaar moontlik te benut, het die boere geleer dat die span vertrou kan word vir hulp.

Die vergaderings is dinamies en vol verskeidenheid en word binnenshuis aangebied, waar DVD en PowerPoint aanbiedings hulle inspireer en buitenshuis, waar ons ontwikkelingsbeamptes en mentors nie skroom om vuil te word terwyl hulle demonstreer, herstel en leer op die land nie. Dit is op hierdie manier dat boere geleer het dat ons omgee en op ons gereken kan word!

Gevorderde boere ondersteuning

Suid-Afrika het van die mees gevorderde kommersiële boere in die wêreld. Daar is 'n wye gaping tussen hulle en Graan SA se Nuwe-era-boere wat 250 ton mielies op hul lande produseer en elke hektaar bewerk om die hoogste moontlike opbrengs op 'n semi-kommersiële skaal te produseer.

Die boere van die Nuwe-era het eintlik veel verder gevorder as die ondersteuning wat op Studiegroep vlak aangebied word (inligting, opleiding en demonstrasies). Daar word egter erken dat hierdie gevorderde boere nog nie heeltemal gereed is om "afgesny te word van die rokspante" nie en dit sal dwaas wees om so ver saam met hulle te stap en hulle dan te los om te "sink of te swem". Daar is erken dat alhoewel hulle vordering belowend lyk, is baie boere op hierdie vlak nie heeltemal gereed om by die geleedere van kommersiële boere aan te sluit en gelos te word sonder ondersteuning nie. Die hoofdoel van die projek is:

- Om een jaar van intensiewe een-tot-een ondersteuning aan uitstaande kandidate wat uit die Studiegroepstelsel gekom het, te bied ten opsigte van produksiebeplanning, bestuur, finansiële aansoeke en verslagdoening, ensovoorts.
- Nadat die jaar voltooi is, behoort hulle as kommersiële boere te kan bestuur, met telefoniese advies af en toe van hul mentors.
- Elke jaar word 'n nuwe groep boere op hierdie wyse geïdentifiseer en ondersteun. Wanneer 'n boer elke hektaar volgens kommersiële standaarde van opbrengs bewerk en meer as 250 ton per jaar produseer, sal hy vinnig in die kommersiële sektor opgeneem kan word.



en sal hy aan die kommersiële produsente in daardie gebied "oorhandig" word.

- Hierdie proses dra vinnig by tot die groei in die aantal swart kommersiële boere.

Pula Imvula

Die belangrike rol wat gedrukte media speel, lê in sy vermoë om tydige en relevante inligting vinnig en doeltreffend te lewer. Die tydskrif is van onskatbare waarde om bewus te maak van nuwe idees en praktyke en om idees oor besigheidsbestuur, beplanning en begroting oor te dra.

In teenstelling met radio en TV, wat onteenseglik ook effektiewe gereedskap vir kennisoordrag is, kan 'n tydskrif in die hand weer en weer na verwys word, of gedeel en aan ander boere oorgedra word. Binne die Graan SA Boereontwikkeling het die tydskrif 'n instrument geword wat deur die ontwikkelingsbeamptes en mentors gebruik word. Die inhoud in die tydskrifte word dikwels in die studiegroepbyeenkomste verder bespreek sodat dit 'n onderrigmiddel word. Boere kom ook dikwels na die studiegroep met die tydskrif in die hand om 'n vraag te stel oor 'n artikel wat hy of sy gelees het.

Die daaropvolgende besprekings word 'n onderriggeleentheid vir almal wat teenwoordig is. Die tydskrif is gehoor gerig en bied kort boodskappe met prente om betekenis te verbeter.

'n Volkleur Pula Imvula tydskrif word versprei na 'n lesertal van 21 220 dwarsdeur Suid-Afrika, in sewe tale, naamlik Engels, Afrikaans, Sesotho, Setswana, IsiXhosa, Sesotho sa Leboa en IsiZulu. Die Engelse uitgawe is 'n selfs voller kommersiële publikasie. Die tydskrif word as volg geborg:

- Die Mielietrust: Maandeliks – agt bladsye.
- Die Olie- en Proteïensaadontwikkelings-trust: Kwartaalliks – vier bladsye.
- Die Wintergraantrust: Kwartaalliks – vier bladsye.
- Komersiële borgskappe: Engelse uitgebreide weergawe: Maandeliks – agt bladsye.

Opleiding

'n Wye reeks kursusse word gratis aangebied deur die Graan SA Boereontwikkelingspan. Dit is moontlik danksy vrygewige befondsing van die trusts AgriSETA, die Mielietrust, die Wintergraantrust en die Oliesaadtrusts en ander belanghebbendes.

Die opleidingsprogram word gekoördineer deur dr Willie Kotzé, wat saam met die streekbestuurders toepaslike kursusse vir die boere in 'n bepaalde studiegroep identifiseer. Ons opleidingskursusse is gestruktureer om teorie en praktiese toepassing aan te spreek oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat gestruktureer is in weeklange kursusse wat deur 'n aantal vennote geborg word.

Die opleiding word gedoen in die boere se taal en is ontwerp om onmiddellik impak te maak op hul boerderijbesigheid, werkswinkelbestuurskennis en plantproduksievermoëns. Die gereelde terugvoering van die boere verseker dat ons konsekwent gerusgestel word dat ons op 'n betekenisvolle manier toerus en bemagtig.

Twitter

Gedurende 2017 het ons ons eie Boereontwikkeling Twitter rekening geloods: **Grain SA Farmer Dev**. Ons gebruikersnaam is: **@gsafarmerdev**. Die nuus wat getwiet word, word ingelei deur 'n kort beskrywende video oor ons program. As jy sou belangstel om die vordering van ons span te volg, is jy welkom om in te teken op ons Twitter-rekening wat weeklikse graanboerderij- en ontwikkelingsaktiwiteite in die land beprek. Ons sal graag meer van julle op die platform wil sien en ons nuutste nuus met julle daar deel!

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.

Nuwe seisoen vooruitsigte vir mielies

Dit is altyd goed om terug te kyk en die lesse wat in vorige jare geleer is te evalueer en hierdie lesse te gebruik om te bepaal wat in die komende jaar verwag kan word. Die bemarkingsjaar 2017/2018 was ongetwyfeld 'n goeie jaar in soverre dit produksie aangaan.

Mielieproduksie het 'n rekord behaal en nuwe bespreking oor die hele wêreld ontketen. Die hoë produksie het egter baie uitdagings in die gesig gestaar. Terwyl Suid-Afrika meer as 16 miljoen ton mielies geoes het, was uitvoervolumes steeds onder handelsverwagtings en mieliepryse was onder druk weens die groot voorraad.

Gedurende die 2017/2018 seisoen het Suid-Afrika 'n uitvoerbare hoeveelheid van 4,8 miljoen ton totale mielies gehad, wat beteken dat die land 'n uitvoervraag van meer as 4 miljoen ton kon hanteer.

Teen Desember 2017 het die totale mielieuitvoere slegs 1,7 miljoen ton beloop, wat aansienlik onder die verwagtinge was. Op 8 Desember 2017 het witmielie uitvoere 540 097 ton bedra, terwyl geelmielie uitvoere 1,2 miljoen ton beloop het. Die oplewing in geelmielies word hoofsaaklik gerug-

steun deur die vraag in die oostelike dele van die wêreld, veral Japan, Taiwan en Suid-Korea, wat hoofsaaklik vir dierevoer doeleindes invoer. Alhoewel daar oor die algemeen 'n goeie aanvraag na mielies is, hoofsaaklik van die diepsee lande, is dit hoogs onwaarskynlik dat die land sy uitvoerbare hoeveelheid van 4,8 miljoen ton sal uitvoer.

Nog 'n uitdaging wat die land in die gesig staar, is hoë voorraad wat in hierdie geval hoofsaaklik deur lae uitvoervolumes aangeblaas word. Enige oordragvoorraad wat nie uitgevoer word nie, sal lei tot 'n groot surplus, wat druk op plaaslike pryse plaas. Daar word verwag dat mielie oordragvoorraad net meer as 4 miljoen ton kan beloop, met witmielies wat sowat 65% van die surplus verteenwoordig.

Nuwe seisoen

Volgens die Oesskattingkomitee sal die algehele mielieproduksie vir die nuwe seisoen (2018/2019) waarskynlik met 6% daal. Dit is dus nie verbasend dat die area wat onder witmielies geplant is, met 15% kan daal nie, terwyl geelmielie aanplantings met 8,2% van die vorige seisoen sal styg. Dit is te wyte aan 'n erkende toenemende vraag na geel-

mielies, wat beide plaaslik sowel as internasionaal na die voermark kan gaan.

Aangesien mieliepryse onder druk gekom het, het veral witmielies minder aantreklik geword weens sy lae winsgewendheid en uitvoervraag. Boere wat wegbeweeg van die aanplant van witmielies, kan hulle wend na meer winsgewende alternatiewe soos sojabone, om winste te verseker en nie die mark met voorraad te oorvoorsien nie.

In wese, wat ons sien, is dat die vorige seisoen 'n groot rol speel in die verwagtinge vir die nuwe seisoen. Dit bly belangrik om die tendense van die vorige seisoen te volg om verwagtinge te skep van wat die mark in die nuwe seisoen kan verwag.

Artikel verskaf deur Michelle Mokone, Landbou Ekonomiese Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Michelle@grainsa.co.za.



DEKGEWASSE

- verlaag risiko en verbeter produksie

Ons leef in 'n steeds veranderende landbou ekonomiese en klimaatsongewing. Plaaslike klimaatverandering wat op baie plekke ervaar is, word grootliks bepaal deur die seetemperatuur duisende kilometers weg.

Dit word op sy beurt veroorsaak deur die veranderlike en soms baie hoë energie wat van die son kom en wat sommige oseane verhit en die voginhoud van die atmosfeer verhoog. Hierdie klimaatverandering wat lei tot laer of verhoogde reënval, sowel as veranderde patrone, saai chaos by beplanning.

Sommige gebiede het hierdie somer normale, of selfs bo-normale reën ontvang, terwyl ander slegs sowat 24 mm in klein buie van 2 mm tot 7,5 mm ontvang het. Hierdie situasie volg op die laaste vier of vyf jaar van abnormale reënvalpatrone. Oor die algemeen het baie droëlandboere nie genoeg vog in die herfsperiodes gestoor om die plant van graangewasse tydens die optimale plant vensterperiode van die huidige seisoen te verseker nie.

Die historiese, werklike en toekomstige produksievolumes van die verskillende belangrikste graan word uitgedruk in toekomstige kontrakpryse op Safex en lei dan tot 'n daaglikse 'sakprys', of Safex minus vervoer differensiaal wat uiteindelik aan boere betaal word. Soos die ou gesegde sê: "Boere koop produksie-insette teen kleinhandel en verkoop groente teen groothandel."

As gevolg van verlede jaar se goeie graangewasse het die "pyplyn" of reserwe graan in die bemarkingsketting die toekomstige pryse van die meeste graan gestabiliseer. Daar kan geargumenteer word dat dit teen hierdie pryse baie moeilik is om droëland graanproduksie winsgewend te maak, tensy die beste opbrengste gerealiseer word.

Dit is miskien die regte tyd om te oorweeg om van die monokultuur van mielies of ander gewasse na die inskakeling van gewasrotasies te beweeg en dan binne 'n suiwer graanrotasie die insluiting van dekgewasse binne hierdie rotasies.

Dekgewasse in kontant graangewasrotasies

Die bekendstelling van dekgewasse, wat graan insluit wat in die somergewasrotasie geplant word vir die winter, sluit 'n verskeidenheid plante in; dit sal die afhanklikheid van huidige hoë-risiko kontantgewas produksie in 'n deurlopende somer- of wintergewas produksiesiklus verminder.

Die wisselboustelsel, tesame met die insluiting van sekere dekgewasse, moet ten minste die ekonomiese risiko verlaag deur die volgende druk te versprei van die produksie van 'n graangewas elke seisoen op elke stuk bewerkbare grond wat jy het. Dit moet jou grondvrug-

houe druk te versprei van die produksie van 'n graangewas elke seisoen op elke stuk bewerkbare grond wat jy het. Dit moet jou grondvrug-



'n Deeglike begrip van dekgewas opsies binne die beperkinge van jou boerderyarea sal jou in staat stel om die gewasse wat jy gekies het, tot die beste voordeel te bestuur.



“

Dit is 'n groot voordeel as klein en groot veeproduksie geïntegreer kan word in die beplande gewas en dekgewasrotasie.

baarheid en voghouvermoë verbeter, sodat die beplande kontantgewasse binne die beplande siklus betyds in 'n vrugbare en vogtige omgewing geplant kan word.

Elke boerdery area, of dit nou meer geskik is vir 'n winter, somer of 'n Mediterreense produksiepatroon, benodig 'n baie spesifieke kombinasie van uitgesoekte dekgewasse om die moontlikheid van sukses te verbeter. Die bekendstelling van hierdie stelsel sal ook die

geplant kan word, sluit in verskillende radyse, witwortels, boerkool, mosterd en raap. Bokwiet is 'n vinnig groeiende somergewas wat fosforherwinning verbeter en kan nogal laat in die seisoen geplant word.

Sommige dekgewas opsies na kontantgewasse

Akkerbone kan na koring bewei word en dan getermineer word om stikstof te voorsien vir die



afhanklikheid van steeds groter en duur stelle trekkers en toerusting om groot areas in 'n verkorte plant vensterperiode te kan plant, verminder. Dit is 'n groot voordeel as klein en groot veeproduksie geïntegreer kan word in die beplande gewas en dekgewasrotasie.

Dekgewas voordele

Dekgewasse bied baie voordele en sluit in erosiebeheer, verminderde verdigting en voedingsstof logging, verhoogde waterinfiltrasie, verbeterde grondbiodiversiteit, onkruidbeheer en siekteonderdrukking, verhoogde koolstofbinding in die grond, maksimum voedingsstofherwinning, verbeterde lug-, grond- en watergehalte en wildlewe diversiteit en verbetering.

'n Deeglike begrip van die omgewingsopsies binne die beperkings van jou boerderygebied, sal jou in staat stel om die gewasse wat jy gekies het, tot die beste voordeel te bestuur.

Peul dekgewasse kan gebruik word om stikstof in die lug in bruikbare vorme in die grond te bind. Gewone peul dekgewasse sluit in akkerbone, erte, crotalaria, rooiklawer, soetklawer, harige wieke (baie suksesvol verbou by die produksie van sojabone in die Vrystaat), sojabone en lusern.

Grasdekgewasse, insluitend winter voedingsgewasse soos hawer, of korog (*triticales*) in die somerproduksie area, kan tot groot voordeel gebruik word. Die knolgewasse wat

volgende kontantgewas, wat mielies kan wees indien dit beplan word. 'n Oesrotasie vir koring/sojaboon dekgewas kan ook tot groot voordeel gebruik word. Jaarlikse raaigras, koring of hawer kan na vroeë sojabone geplant word. Roggraan kan na sojabone wat laat rypgeword het, of mielies geplant word, maar moet vroeg genoeg wees om voor die winter gevestig te word.

Boere kan ook beplan om dekgewasse in 'n beplande meer langtermynsiklus binne mielies-, sojaboon- en sonneblomrotasies te plant. Dit is maar 'n paar voorbeelde van wat moontlik is.

Gevolgtrekking

Kyk na die moontlike dekgewasse wat in jou boerderygebied gebruik kan word binne jou ideale kontantgewasrotasie om die finansiële risiko te verlaag en produksie diversifisering te verbeter om van voortdurende graangewas produksie weg te beweeg. 🌱

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

VERVOER JOU WERKNEMERS VEILIG!

In ons reeks artikels het ons die feit beklemtoon dat 'n boerderybesigheid een van die moeilikste besighede is om te bestuur. Dit is as gevolg van die spesifieke omstandighede wat verband hou met 'n boerderybesigheid, soos die weer en langdurige produksiesiklusse.

Die vervoer van werknemers is ook 'n aspek wat verband hou met 'n boerderybedryf – dit is die vervoer van werknemers vanaf hul huise na die werkplek (wat as 'n in-diens aktiwiteit beskou word) of die vervoer van werknemers van een gebied van 'n plaas na 'n ander gebied, of 'n ander plaas.

Of die boerderybesigheid 'n groot kommersiële plaas of 'n klein plaas is, die behoefte om werknemers te vervoer sal op een of ander tyd ontstaan. Op sommige plase is dit 'n daaglikse oefening en op ander is dit slegs op spesifieke tye en wanneer dit nodig is. Of dit gereeld is, of per geleentheid gedoen word, dieselfde sorg moet geneem word.

Die vervoer van werknemers is altyd 'n kommerwekkende aspek, want ongelukke kan so onverwags en so vinnig plaasvind. Dit is daarom 'n risiko en risiko's moet behoorlik bestuur word. Dit is dus nodig om die vervoer van werknemers behoorlik te bestuur. Indien werknemers tydens vervoer beseer word en die boer/eienaar skuldig bevind word, of nalatig was, kan daar ernstige gevolge wees.

Gedurende die aksie van die vervoer van werknemers, van die huis na die werk of terug, of by die werk, is werknemers, die bestuurder van die voertuig, die voertuig en die boer/eienaar betrokke. Elke party word gereguleer deur die reëls en regulasies van verskillende aksies. Om die aksie te bestuur sodat die minste risiko ontstaan, moet die boer/bestuurder dus ten volle bewus wees van al die reëls en regulasies.

Soos in die vorige artikels verduidelik, is die gesondheid en veiligheid van werknemers baie belangrik en word gereguleer volgens die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993). Die basis is dat werknemers en werkgewers moet voldoen aan die bepalings van die genoemde wet. Verder maak die Wet op Nasionale Grondvervoer, (Nr. 5 van 2009) voorsiening vir die vervoer van



werknemers vir die doeleindes van indiensneming en waar die werkgewer die vervoermiddele voorsien.

Die bestuurder moet in besit wees van 'n geldige rybewys en geskik wees vir die tipe voertuig volgens die Padverkeerswet, (Nr. 93 van 1996). Hy/sy mag nie onder die invloed van enige dwelm of middel wees wat sy/haar vermoë om behoorlik te bestuur, sal beïnvloed nie. Indien nodig, moet die bestuurder ook in besit wees van 'n Bedryfspermit, soos wat mense benodig wanneer hulle ander vervoer.

Voertuie wat betrokke is, kan 'n bakkie, 'n vragmotor, 'n trekker en sleepwa, of bus wees. Volgens die Padverkeerswet moet die area van die voertuig waarop mense vervoer word, behoorlike kante hê wat toemaak tot minstens 350 mm bo die oppervlak waarop die mense gaan sit. Let op wanneer mense onder hierdie omstandighede vervoer word, moet hulle op die vloer sit. Hulle mag nie op die kante van

die systrukture staan nie. Om mense in staat te stel om op die voertuig te staan, moet die sye tot 'n minimum hoogte van minstens 900 mm bedek wees.

Die voertuig moet ook in 'n padwaardige toestand wees en goed instand gehou word en vry wees van enige moontlike gebeurlikheid wat gevaarlik kan wees vir diegene wat vervoer word. En natuurlik moet die voertuig behoorlik gelisensieer wees. By die gesamentlike vervoer van goedere en mense, moet 'n stewige veilige struktuur tussen die goedere en die passasiers vir beskerming gebruik word.

Al die bogenoemde aspekte is direk of indirek die verantwoordelikheid van die eienaar en/of bestuurder van die voertuie om volle nakoming van alle reëls en regulasies te verseker.

In die geval van 'n ongeluk, terwyl die werknemers sonder koste vervoer word en in diens is, kan hulle van die Vergoedingskommissaris eis volgens Wet Nr.130 van 1993, Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA) soos bespreek in die vorige artikel. Dit is dus belangrik dat die werkgewer by die Kommissaris geregistreer word, anders kan eise teen hom/haar ingedien word. Indien die eienaar/bestuurder egter nalatig is, of nie aan al die wetlike vereistes voldoen nie, kan kriminele aanklagte teen die eienaar gebring word. Dit is ook die geval as dit bevind word dat die bestuurder die voertuig onder die invloed van 'n dwelm-middel, of roekeloos of nalatig bestuur het.

Die vervoer van werknemers is altyd 'n risiko vir boere en moet dus behoorlik bestuur word, wat behoorlike beplanning, organisering, implementering en beheer behels. Indien moontlik, is dit ook raadsaam om behoorlik kommersieel verseker te wees om eise wat in 'n privaat hoedanigheid teen die boer mag voorkom, te dek. Wees altyd baie sensitief teenoor die gesondheid en veiligheid van jou werknemers. Moenie kanse vat nie.

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mccgacc.co.za.



DEPARTEMENT & GRAAN SA

bemagtig Oos-Kaap boere

Gedurende 2017 het Graan SA 'n Diensvlakoorreenskoms (SLA) aangegaan met die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming in die Oos-Kaap.

Die oorhoofse doel van die ooreenkoms is om werksverhoudinge en vennootskappe te vestig om bestaansboere en kleinboere te ondersteun om hul opbrengs na kommersiële opbrengs te verhoog en om by te dra tot die volhoubare ontwikkeling van landelike gemeenskappe en voedselsekureit vir almal rondom graanproduksieprojekte; plaaslike kontrakteurs te identifiseer en te ondersteun ten einde meganisasiekapasiteit binne die gemeenskappe te bou; en om gegradueerdes te ontwikkel en te bemagtig deur praktiese blootstelling aan graanboerdery.

'n Geskatte 16 miljoen Suid-Afrikaners leef in armoede en die hoogste voorkoms is onder

“Armoede uitwissing en welvaartskepping onder 'n ideale vryemarkstelsel hang af van ekonomiese groei van sektore.

huishoudings met vroue as hoof in landelike gebiede. Armoede uitwissing en welvaartskepping onder 'n ideale vryemarkstelsel hang af van ekonomiese groei van sektore. Dit kan wees omdat die groei van een sektor lei tot die groei van 'n ander sektor, dit wil sê die groei van verskaffers van grondstowwe het gegroei deur die groei van diegene wat die grondstof verwerk.

Gevolgtik het Suid-Afrika vandag twee baie duidelike ekonomieë in die meeste sektore, dit wil sê die ontwikkelde ekonomie, ook verwys na as die eerste ekonomie en die ontwikke-

lende ekonomie, ook die tweede ekonomie genoem. Hierdie dualisme sny oor alle landbousektore, subsektore en kommoditeite, insluitend die graansektor, wat die fokus van hierdie projek is. 'n Hoër persentasie van die bevolking het nie voedselsekureit nie, met ernstige wanvoeding by kinders.

Die doel van hierdie ooreenkoms is dat Graan SA kontrakteurs betrek om boere op 3 656 ha te help om hul gewasse (volgens die Jobs Fund-projek beginsels) in die gemeenskapsgebiede van die Oos-Kaap te plant, met die doel om mielies vir huishoudelike voedselsekureit te produseer en om enige surplus wat geproduseer word, te verkoop om by te dra tot die skepping van inkomste vir hierdie boere in die diep plattelandse gebiede.

Boere maak hul eie monetêre bydrae op 'n per hektaar basis. Die insetverskaffingsmaatskappye (Monsanto, SA Lime & Gypsum,

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombo
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Emelda Mogane

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebe
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mithatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Departement & Graan SA bemagtig Oos-Kaap boere

Kynoch, Syngenta en Villa Crop Science) bied 'n afslag op die insette; Die Jobs Fund dra 'n deel van die koste van die insette, sowel as die koste van die mentorskap by.

Die bydrae van die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming is om kontrakteurs te betaal om die lande voor te berei en die gewasse vir die boere in die Oos-Kaap te plant en te spuit. Graan SA deel kennis en inligting, verseker effektiewe monitoring en evaluering van programme en ontwikkel 'n stelsel van verslagdoening ten opsigte van die projekte wat aangebied word. Werklose gegradueerdes van binne die geteikende gebiede is gewerf en gekontrakteer binne Graan SA en befonds deur die Departement. Hierdie gegradueerdes het baie nou saam met die mentors in die omgewing gewerk, waardevolle ondervinding opgedoen, terwyl hulle terselfdertyd opleidingskursusse bygewoon het wat geskik was vir hul behoeftes.

In die Oos-Kaap werk die Graan SA program uit die vyf distrikte naamlik: Alfred Nzo, Amathole, Chris Hani, Joe Gqabi en O.R. Tambo. Daar word verder beoog dat die graan wat deur hierdie boere vervaardig word, die Agri Parks in die provinsie kan voorsien (sodra dit in werking is).

Baie van die boere in die diep plattelandse gebiede het nie hul eie meganisasie nie en kan nie bekostig om die koste van kontrakteurs te betaal nie. Deur hierdie ooreenkoms sal Graan SA plaaslike landboukontrakteurs kan evalueer en kontrakteer om die boere te help met grondvoorbereiding, aanplant en bespuiting van grond, (boere wat deel is van die Jobs Fund-projek en ander soortgelyke projekte wat hul gelde betaal het).

Met betrekking tot die boere het Graan SA ingestem tot die volgende:

- Identifiseer al die deelnemende boere met die ondersteuning van die departement. Die deelname van boere is afhanklik van hul finansiële bydrae tot die projek teen 31 Julie elke jaar.
- Ontvang die bydrae van elke boer. Die boere deponeer die geld direk in die Standard Bank rekening wat spesifiek vir daardie doel opgemaak is en teken 'n Jobs Fund-ooreenkoms of ander toepaslike ooreenkoms.
- Bestel die korrekte insette vir die boer; mense word aangestel om die boere in die veld te ondersteun; lei die boere op oor produksie en bemaking.



- Help die boere met die bemaking van hul surplus.

Met betrekking tot die kontrakteurs het Graan SA ingestem tot die volgende:

- Identifiseer geskikte, bekwame en toegeruste kontrakteurs om die aangewese lande vir die boere voor te berei en te plant.
- Assesseer die toerusting van die kontrakteurs en maak seker dat hulle die vermoë het om die werk wat aan hulle toegewys is, te doen.
- Ondersteun die kontrakteurs dwarsdeur die proses om te verseker dat hulle hul take op die vereiste standaard uitvoer.

Ons glo dat hierdie projek 'n sukses is. Die feit dat plaaslike boere en trekker eienaars bemagtig word om as kontrakteurs te ontwikkel, sal verseker dat gewasproduksie lank na die duur van hierdie projek sal kan voortduur. Dit is baie belangrik om die plaaslike mense as diensverskaffers te gebruik, aangesien hulle binne die gemeenskap woon en deel is van die mense wat hulle bedien. Hul lewering, of gebrek daaraan, sal hul status in die gemeenskap beïnvloed en hierdie faktor alleen dryf hulle om goeie werk te doen.

Die program om die gegradueerdes te bemagtig, is baie nodig – daar is 'n groot aantal jongmense wat deel wil wees van die sektor en wat aan akademiese instellings gestudeer het. Dit blyk egter dat die universiteite en kolleges nie meer enige praktiese opleiding doen nie en dus is hulle na die gradeplegtigheid nie van veel nut in die veld nie, omdat hulle slegs die teorie ken en geen ondervinding het nie. Deur die verhouding wat ons met hierdie interns bou, stel ons hulle bloot aan die praktyk van boerdery en maak hul oë oop vir werklike boerdery en die daaglikse uitdagings wat boere in die gesig staar.

Ons is baie dankbaar vir die samewerking wat ons met Departement het en ons sien uit daarna om hulle te help om hierdie sektor in die provinsie te bou – saam kan ons meer doen.

Artikel verskaf deur Jane McPherson, Bestuurder, Graan SA Boereontwikkelingsprogram. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jane@grainsa.co.za.